

Gebedsriglyn

15 Augustus tot 14 September 2019

1 Kronieke 16:11 “Soek hulp en beskerming by die Here, soek gedurig Sy teenwoordigheid.”

15 Augustus – Dag van Vas en Gebed

Bid en vas vandag saam met die Harvesters span. Ons neem vandag hande met GACX (*The Global Alliance of Church Multiplication*) in hulle 40 dae van vas en gebed voor hulle jaarlikse forum in September. Harvesters is 'n lid van hierdie wêreldwye beweging. Dit sal wonderlik wees as al ons gebedsvennote vandag saam met ons kan staan. Vertrou saam met ons dat God ook in al Harvesters se behoeftes sal voorsien om voorts regoor die wêreld kerke te plant.

16 Augustus – Port Elizabeth, Suid-Afrika
Bid vir die Fase D HLT (Harvesters Licensed Trainer) opleiding wat vandag in Port Elizabeth plaasvind. Bid dat hierdie nuutopgeleide HLT's werklik hulle roeping sal uitleef en verlore siele na Christus sal lei.

17 Augustus – Malawi
Drie streke in Malawi het onlangs Bybels van Harvesters ontvang – Monkey Bay, Lilongwe en Bangula. Daar is 5400 Bybels aan leraars, studente-leraars en nuwe gelowiges uitgedeel. Bid dat die Woord van God selfs nog meer gemeenskappe in hierdie streke sal verander.

18 Augustus – Mosambiek
Prys die Here vir Sy voorsiening in Mosambiek. Hierdie pragtige land is tans besig om alles te herbou en herstel. Prys die Here vir die donasies wat ingekom het om in die behoefte vir Bybels, studiemateriaal, kos en ander hulpmiddels te voorsien. Die werk is nog nie klaar nie, maar ons is dankbaar dat ons 'n verskil kon maak gedurende 'n noodsaaklike tyd.

19 Augustus – Filippyne
Bid saam met ons dat die Filippyense leraars gemotiveerd sal bly. Bid dat die leraars sal uitreik na mense wat nog nie vir Jesus ken nie. Daar is steeds soveel verlore siele wat vasgevang is in prostitusie, dwelmmisbruik en ander misdadbedrywighede.

20 Augustus – Indië

Bid vir die Afskop wat vandag in die weste van Indië plaasvind. Bid vir God se guns gedurende hierdie opleiding. Bid vir die beskerming van die Harvesters personeel en die leraars wat die opleiding gaan bywoon. Indië is 'n ongelooflike gevaarlike land vir 'n Christen om in te leef.

21 Augustus – Demokratiese Republiek van die Kongo

Ebola breek tans in die DRK uit. Bid vir die Harvesters leraars in hierdie land. Bid dat God hulle sal beskerm. Bid dat God in elke behoefte van die leraars sal voorsien gedurende hierdie moeilike tyd.

22 Augustus – Madagaskar

Bid vir die opleiding wat vandag in Madagaskar plaasvind. Bid dat die leraars sal volhou met hulle evangelisasie pogings ten spyte van hulle eie uitdagings met armoede. Bid dat hulle die verlore siele in hulle land sal bereik.

23 Augustus – Mianmar

Bid vir die leraars wat elke dag uitgaan en verlore siele evangeliseer. Christene in Mianmar maak verskriklike vervolging deur. Prys die Here vir hierdie gewillige dissipels wat steeds uitgaan en siele vir Christus wen.

24 Augustus – Amasone

Die leraars in die Amasone het ons volgehoue gebede nodig. Hulle het baie werk wat vir hulle voorlê. Bid dat hulle nie op hulle eie kragte sal staatmaak wanneer hulle uitgaan en die 20 miljoen verlore siele in hierdie land evangeliseer nie.

25 Augustus – Ghana

Bid vir die Harvesters leraars in Ghana. Bid dat hierdie leraars met nuwe ywer en passie gevl sal word om die verlore siele met die Evangelie te bereik. Bid dat Ghana na Jesus toe sal draai.

26 Augustus – Indië

Bid vir die Afskop wat vandag in sentraal Indië plaasvind. Bid vir die veiligheid van ons Harvesters personeel en die leraars wat die opleiding bywoon. Hierdie leraars staar verskriklike vervolging in die gesig en het dringend ons gebede nodig.

27 Augustus – Uganda

Ebola is besig om in Uganda te versprei. Bid dat ons Harvesters leraars nie deur die aaklige siekte geraak

sal word nie. Bid dat hierdie leraars diegene wat deur die siekte geraak is, sal ondersteun en bemoedig. Bid dat hulle veral diegene sal bereik wat nog nie vir Jesus ken nie.

28 Augustus – Mali

Ons werk in Mali is nog ver van klaar. Met 90% van die bevolking wat Moslems is, het hierdie land Jesus se liefde broodnodig. Bid dat ons Harvesters leraars veilig sal wees wanneer hulle uitgaan en verlore siele evangeliseer.

29 Augustus – Johannesburg, Suid-Afrika

Bid vir die Fase B HLT opleiding wat vandag in Johannesburg plaasvind. Bid vir ons opleidingspersoneel se veiligheid sowel as die veiligheid van almal wat die opleiding gaan bywoon. Bid dat dit 'n geseënde en wonderlike tyd van bemoediging en broederskap sal wees en dat hulle sal doen wat God van hulle verwag om te doen.

30 Augustus – Indië

Bid vir die Fase A opleiding wat vandag in die ooste van Indië plaasvind. Ons span het lang ure op besige en gevaarlike paaie gereis. Bid vir hulle veiligheid. Bid dat God hulle sal verfris en versterk gedurende hierdie belangrike opleidingsessie.

31 Augustus – Angola

Bid dat die leraars van Benguela en Ondjiva, wat onlangs hulle opleiding voltooi het, die verlore siele in hulle gemeenskappe sal bereik. Bid dat hulle sal volhard met kerkplanting ten spyte van hulle regering se vervolging.

1 September – Ivoorkus

Bid vir die Harvesters leraars in Ivoorkus. Bid dat die leraars die verlore siele in hierdie pragtige land sal bereik. Meer as die helfte van die bevolking het nog nie gehoor van Jesus Christus as verlosser nie.

2 September – Johannesburg, Suid-Afrika

Bid vir die Fase C HLT opleiding wat vandag in Johannesburg plaasvind. Bid dat hierdie HLT's hulle roeping sal uitleef en Jesus se Groot Opdrag sal gehoorsaam. Meer as 5 biljoen mense regoor die wêreld het nog nie van Jesus Christus ons Verlosser gehoor nie.

3 September – Uganda

Die Hub leiers in Uganda besoek tans die verskillende kerkstrome. Bid vir wysheid terwyl hulle die leraars bystaan en bemoedig. Bid vir die veiligheid van die leraars tydens hierdie onsekere tyd waar Ebola 'n aaklige realiteit is. Bid dat die leraars die onbereikte gemeenskappe met die Evangelie sal bereik.

4 September – Indië

Bid vir die Afskop wat vandag in die noorde van Indië plaasvind. Bid vir God se guns en beskerming in hierdie leraars se lewens. Dis lewensgevaarlik vir hulle om uit te gaan en verlore siele in hulle gemeenskappe te evangeliseer.

5 September – Lesotho

Bid vir die Fase B opleiding wat vandag in Maseru plaasvind. Hierdie hoofstad ervaar baie uitdagings soos oorbevolking, armoede en voedseltekorte. Bid dat hierdie nuutopgeleide leraars die verlore siele in Maseru sal bereik en Jesus se liefde met hulle sal deel.

6 September – Johannesburg, Suid-Afrika

Bid vir die Fase E HLT opleiding wat vandag in Johannesburg plaasvind. Hierdie HLT's het slegs een fase oor om te voltooi. Bid dat God hulle sal lei om te dien waar Hy hulle wil gebruik.

7 September – Kenia

Leraars in Migori het onlangs Engelse en Swahili Bybels ontvang. Bid dat hulle die onbereikte gemeenskappe sal bereik. Die Lewende Woord gaan nie net in 'n gemeenskap in nie; dit verander die gemeenskap.

8 September – Mamelodi, Suid-Afrika

Die leraars van Mamelodi ervaar daagliks talle uitdagings. Bid dat hulle sal volhard in hulle roeping om verlore siele in hierdie misdaad geteisterde en brandarm area te evangeliseer. Jesus se liefde kan hierdie gemeenskap verander.

9 September – Johannesburg, Suid-Afrika

Bid vir die HLT en Fase A opleiding wat vandag in Johannesburg plaasvind. Hierdie HLT's word nou vir die eerste keer deel van die Harvesters familie. Bid dat hulle sal inkoop by Harvesters se visie en passievol daarvoor sal wees om verlore siele te red.

10 September – Indië

Bid vir die Afskop wat vandag in die noorde van Indië plaasvind. Bid dat hierdie leraars nuwe krag sal ontvang om uit te gaan en verlore siele in hierdie gevaarlike land te evangeliseer. Bid dat God hulle sal beskerm en die Harvesters span sal versterk na hulle lang en uitgerekte reis.

11 September – Lesotho

Bid vir die Fase A opleiding wat vandag in Maputsoe plaasvind. Bid dat hierdie leraars die Evangelie met hulle gemeenskappe sal deel. Bid dat hulle kerke sal plant wat werklik 'n tuiste vir nuwe gelowiges sal wees.

12 September – Liberië

Bid vir ons broers en susters in Liberië. Bid dat die onbereikte Moslem-groepe van Liberië die Evangelie sal hoor en tot bekering sal kom. Bid dat ons leraars in Liberië God sal eer in alles wat hulle doen.

13 September – Sierra Leone

Bid vir die onbereikte mense in Sierra Leone. Hulle leef in verskriklike armoede. Bid dat die Harvesters leraars die Evangelie sal verkondig en kerke sal plant ten spyte van hulle eie persoonlike struikelblokke.

14 September – Kameroen

Bid vir die Harvesters leraars in Kameroen. Meer as 7 miljoen mense is steeds totaal onbereik in hierdie land. Bid dat hierdie kosbare mense die Waarheid sal hoor en Jesus sal aanneem. 🙏